Verwysing: 20210517-3033
Lêernommer: 13/7/1/2
Navrae: Vakadviseurs

Assesseringsbestuurminuut: 0006/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Graad 12 se praktiese assesseringstake (PAT's) vir Tegniese Wiskunde vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in 2021**

## 1. Inleiding:

1.1 Praktiese assesseringstake (PAT's) is in gekose vakke deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) opgestel. Hierdie PAT's maak deel uit van die assesseringsvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in 2021 soos in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) van elke toepaslike vak uiteengesit is.

1.2 Die PAT's word intern by skole geassesseer en dan ekstern binne die provinsie gemodereer.

1.3 'n PAT vir Tegniese Wiskunde is vir die eerste keer op graad 12-vlak in 2021 bekendgestel.

1.4 Die tydsraamwerke vir die inwerkingstelling van hierdie PAT word saam met die PAT-riglyne ingesluit.

## 2. Assessering van PAT's:

2.1 Toegang tot die PAT-riglyne vir 2021 kan verkry word deur die skakel (https://tinyurl.com/yhyyk58j) of VK-kode te gebruik. Die PAT's is ook op die DBO se webwerf beskikbaar (*klik op die tuisblad op Curriculum/National Curriculum Statements (NCS) Grades R–12/Practical Assessment Tasks)*.

2.2 Die betrokke vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners sal deur die loop van die jaar ondersteuning bied. Skole moet dus toesien dat die betrokke onderwysers die distriksvergaderings wat oor die assessering en moderering van PAT's handel, bywoon.

3. Prinsipale en distriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van toepaslike personeel, ouers en leerders te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2021-05-19